Hartleyweg Laerskool

Leesbegrip-Comprehension

Graad vier

Les Twee- 21 September-25 September 2020

Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg:

Ons badkamer

Ons het twee badkamers in ons huis. Ons gesin gebruik een badkamer. Dit is die grootste een in die huis. Die kleure van die teëls aan die muur is wit en die vloere se teëls is grys. Ons het ook 'n badkamer vir die gaste. Dit is klein en bruin en oranje. Dit is langs ons sitkamer.

Ek wil ons groot badkamer aan jou beskryf. Dit is aan die einde van die gang geleë. Ons het 'n stortbad. Die storthokkie het 'n pragtige kraan. In die storthokkie is daar 'n rak vir ons seep, waslap en sjampoe. Voor die storthokkie is daar 'n badmatjie.

Daar is 'n wasbak met twee krane. Bo die wasbak is daar 'n houer vir ons tandepasta en tandeborsels en ook 'n rak. My pa sit sy skeermes daarop en my ma haar poeier en ander skoonheidsmiddels. Daar is ook 'n groot spieël daar. Voor die toilet is daar 'n toiletmatjie. Langs die toilet is daar 'n houer vir toiletpapier.

Ons neem beurte om ons badkamers skoon te hou.



1. Wat is die titel van die storie?

2. Hoeveel badkamers het die huis?

3. Watter badkamer is die grootste in die huis?

4. Waar is hierdie badkamer?

5. Watter kleur is die teëls aan die muur in die grootste badkamer?

6. Watter kleur is die gaste se badkamer?

7. Waar is die gaste se badkamer?

8.Beskryf die grootste badkamer in die huis:

9. Noem twee dinge wat ons in die rak van die groot badkamer kan kry?

10. Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is. Haal (quote) sinne uit die teks om jou antwoorde te motiveer:

10.1 In die storthokkie is daar 'n houer .

10.2 Daar is 'n badmatjie voor die storthokkie.

10.3 Die houer en rak is langs die wasbak.

10.4 Almal in die huis maak seker dat die huis altyd skoon is.

11. Beskryf die badkamer in jou huis: